# DIE BETEKENIS VAN PROF. DR. S. P ENGELBRECHT VIR KERK EN VOLK.

Op 1 April van hierdie jaar was Prof. Dr. S. P. Engelbrecht 25 jaar verbonde aan die opleiding van predikante vir die Ned. Herv. Kerk van Afrika. Vyf-en-twintig jaar is 'n lang tydperk, waarin baie kan gebeur, en waarin mens baie kan verrig. Prof. Dr. Engelbrecht het van die tyd gebruik gemaak om met al sy kragte, ywer en bekwaamheid te werk in belang van die Ned. Hervormde Kerk. Hy is onteenseglik die grootste outoriteit op Suid-Afrikaanse kerkgeskiedenis, en met sy prestasies op hierdie gebied het hy die kerk onskatbare dienste bewys.

Die kerkvereniging teen die einde van die vorige eeu, was vir die Ned. Hervormde Kerk 'n baie groot terugslag. Na die mislukking van hierdie geforseerde vereniging, het die Ned. Herv. Kerk vermink en byna vernietig daaruit gekom. Die jare wat gevolg het, was jare van bittere stryd en sorg waarin elkeen wat maar kon, met alle mag skouer aan die wiel moes sit om te voorkom dat alles verlore gaan. Die paar predikante van die eerste jare kan nie veel meer doen nie as rondtrek om dienste te hou, en die sakramente te bedien aan die verspreide lidmate en gemeentetjies, wat teleurgesteld uit die noodlottige onderneming gekom het. Al waaraan die Ned. Hervormde Kerk geen gebrek gehad het nie, was beskuldigers wat die Kerk as skeurkerk uitgemaak het, en die gebeurtenisse so voorgestel het, dat al die blaam op die Ned. Herv. Kerk moes rus. As die beskuldigings te erg geword het, en die argumente te ver gesog, en te erg van alle grond ontbloot was, het een of ander predikant, of ouderling van Hervormde kant die pen gegryp om die aanslae af te weer, en te weerlê. Aan hierdie manne sal die kerk altyd dank verskuldig wees. Hulle het met die troffel in die een hand, en met die swaard in die ander hand, gestaan. Maar juis daarom kon hulle nòg onbelemmerd bou, nòg onbelemmerd stry. Hulle kon die beskuldigers van, en die verwyters teen die Ned. Hervormde Kerk nie die swye oplê nie.

Die geroep het maar aangehou dat die Ned. Hervormde Kerk geen reg van bestaan het nie, dat hy onsuiwer in die leer is. Intussen was die Kerk maar klein en swak. Die Kerk het geen opleiding van predikante gehad nie. Daar was geen orgaan wat sy standpunt kon vertolk en bepleit nie. Daar was geen geskiedskrywer en navorser, wat die feite en stukke kon versamel nie, wat tyd, kragte en koste nie sou ontsien, om alle gegewens te versamel nie. Uit wat voor die hand was, is goeie verwere opgestel; maar wat voor die hand was, was nie genoeg nie.

Die uitwerking wat hierdie onophoudelike aanvalle, verwyte en beskuldigings op die Ned. Herv. Kerk self gehad het, moet nie onderskat word nie. Dit het baie lidmate laat wankel, terwyl dit weer ander in hul verset versterk het, maar dit het almal op die verdediging gestel, wat op die lang duur sielkundig 'n slegte uitwerking sou hê. Daar sou nie die geleentheid wees vir rustige opbouende werk nie. Om 'n kalme rustige gang te gaan, om eie beginsels waardig en onvervaard te handhaaf, en volgens eie oortuigings en karakter te bou, is alleen moontlik waar 'n gevoel van eiewaardigheid bestaan. En dit was juis hierdie gevoel wat deur die aanhoudende beskuldigings uiteindelik baie belemmer sou word.

Dit was dus gebiedend noodsaaklik dat daar iemand moes kom, met die liefde vir die Kerk, met die historiese aanleg en kennis, met die onvermoeide ywer en geesdrif, met die navorsers-instink, wat dokumente en stukke van historiese betekenis kan uitsnuffel, waar hulle ook verskuil mag lê. Alleen so'n persoon met onweerlegbare bewysstukke kon vir eens en vir altyd die goeie reg van bestaan vasstel, en bewys dat die Ned. Hervormde Kerk met rustige trots en dankbaarheid op sy verlede kan terugsien. So'n persoon was daar egter nie, totdat Professor Dr. S. P. Engelbrecht, na sy voltooide studies uit Nederland teruggekeer het. Na die verskyning van sy „Geschiedenis van de Ned. Herv. Kerk in Zuid Afrika", was dit duidelik dat die Ned. Herv. Kerk van Afrika in Prof. Engelbrecht die persoon ontvang het, wat so nodig was. Behalwe sy Kerkgeskiedenis het hy onophoudelik in die Almanak van die Kerk, met brosjures waarin die geskiedenis van gemeentes beskryf is, en op talryke ander maniere die goeie reg van die Ned. Herv. Kerk aangetoon. Sy versameling van dokumente, korrespondensie en gegewens van allerlei aard, is van onskatbare waarde, nie alleen vir die Ned. Herv. Kerk nie, maar vir die hele volk. Deur sy onvermoeide ywer, en sy verbasende talent om navorsingswerk te doen, het hy gegewens vergader, wat anders verlore sou gewees het. Die hele volk kan hom hiervoor dankbaar wees. Vir die Ned. Herv. Kerk het dit al die verskil gemaak. Oortuigend is deur hom aangetoon dat die Ned. Hervormde Kerk van Afrika die voortsetting van die Kerk is, wat deur die Voortrekkers na die Noorde gebring is. Hy het uit die skat van sy versameling bewys dat die Ned. Hervormde Kerk die historiese lyn behou het wat deur van Riebeek in die Kaap begin is. Hy het bewys dat die Ned. Herv. Kerk nie alleen die historiese voortsetting van die Kerk in Suid-Afrika is nie, maar ook van die tradisie en karakter. Dat dit die bolwerk teen vreemde invloede was, en die volk teen verwildering op geestelik gebied 'n skuiling gebied het, is deur hom met bewyse aangetoon. Die werk van Prof. Engelbrecht het meegebring dat die Kerk uiteindelik die swaard kon neerlê, en met altwee hande bou. Die gevoel van eiewaardigheid het rus en kalmte gebring. Met rustige versekerdheid kon die Kerk sy gang gaan. Aanvallers en beskuldigers sou daar natuurlik nog wees, maar in eie geledere sou hulle nie meer indruk maak nie. Die ou beskuldigings en verwyte

veroorsaak nog net 'n glimlag. Skeurkerk, leervrye Kerk, ens., ontstel niemand meer nie. Vriend en vyand weet dit is onsin. Dat die Ned. Hervormde Kerk die ou Voortrekkerkerk is van wie die eerste gemeente in 1842 in Transvaal te Potchefstroom gestig is, word ook vandag aanvaar en staan histories vasgestel.

Toe in 1942 die eeufees van die Kerk gevier sou word, en 'n ander Kerk aanspraak gemaak het op die reg van die fees te vier, was die reg van die Ned. Herv. Kerk reeds so duidelik en onweerlegbaar vasgestel, dat die eeufees van die Ned. Herv. Kerk offisiële erkenning van die Staat en van die Provinsie ontvang het. Op die fees het die Eerste Minister van die Unie van Suid-Afrika en die Administrateur van die Provinsie van Transvaal toesprake gehou en die gelukwense van die Unie en van die Provinsie oorgebring.

Met die geleentheid het Prof. Dr. Engelbrecht ook 'n uitstalling gehou van 'n klein gedeelte van sy versameling van historiese voorwerpe en stukke. Hierdie uitstalling was vir baie mense 'n ware openbaring. Hulle wat die Ned. Hervormde Kerk lief het, het bly aanskou hoe bewys op bewys van die goeie reg van die Kerk daar uitgestel lê vir elkeen om te sien. Ook sommiges wat geen vriende van die Ned. Hervormde Kerk is nie, het kom kyk, en stil weer weggegaan, en gesê soos die man wat vir die eerste keer 'n kangeroe gesien het, en uitgeroep het „Daar is nie so'n dier nie!" Historiese dokumente is soos feite, hardkoppige dinge wat nie vernietig kan word nie. Prof. Engelbrecht het daar feite uitgestal wat vir elke billike mens oortuigend was.

By die geleentheid is ook deur Prof. Engelbrecht 'n feesalbum saamgestel, wat as 'n pragstuk beskryf kan word. Ook hierdie album bevat historiese bewysstukke wat onweerlegbaar is.

Ook by wyse van gedenkboeke uitgegee by geleentheid van die feesviering van gemeentes, het Prof. Dr. Engelbrecht, die geskiedenis baie helder belig en waardevolle gegewens aan die lig gebring. En hoeveel van hierdie gedenkboeke het hy nie geskryf nie. Vir die gemeente van Heidelberg by geleentheid van sy 70e verjaarsdag, vir die gemeentes Potchefstroom, Volksrust en Zeerust (vir Rustenburg in bewerking).

Wat 'n skat van geskiedkundige gegewens bevat al hierdie gedenkboeke nie, en wat 'n inspirasie was hierdie boeke nie vir die betrokke gemeentes nie. Daar het die gemeentes die bewyse ontvang dat hulle, wat vir soveel jare op die agtergrond gedring was, in die verlede geskiedenis gemaak het. Lidmate van die gemeentes het met trots gelees van die stryd wat hul ouers en grootouers in belang van die gemeente en Kerk gestry het; en hul belangstelling en liefde vir hul gemeente en Kerk is hierdeur weer aangewakker.

Met hierdie gedenkboeke wat hy vir gemeentes geskryf het by geleentheid van feesvierings het Prof. Engelbrecht nog 'n ander verdienstelike werk gedoen. Deur gegewens wat hy aan die vergetelheid ontruk het, het hy baie ou Voortrekkerfamilies weer op die voorgrond

gebring. Baie families van wie die ouers en voorouers alles veil gehad het in hul diens van Kerk en Volk, het heel beskeie op die agtergrond geraak, teruggedring deur luidrugtige nakomers. Die betekenis van hierdie families, almal ou Voortrekkerfamilies, is weer aangetoon en daardeur is nie alleen die kerktrots en liefde nie, maar ook die nasionale trots en liefde weer sterk aangewakker. Hiermee het Prof. Engelbrecht vir die hele volk 'n groot werk gedoen. Dit kan seker as ware volksdiens bestempel word dat talle en talle families weer met vernude liefde vir hul volk, hul Kerk en tradisies en ook met trots op hul afkoms en familiegeskiedenis vervul word. Dit is positiewe kultuurwerk, en 'n nasionale bydrae wat oneindig meer blywende en goeie vrugte sal dra as al die verbitterde lawaai, wat so dikwels as blyke van volksliefde genoem word.

Net soos daar 'n tyd was waarin die Ned. Herv. Kerk op die agtergrond gedwing was, en nie sy regmatige plek in die volkslewe gegun is nie, net so was daar 'n tyd toe ons ou Transvaalse families, met hul tradisies, gewoontes en sedes verdring is, en heeltemal op die agtergrond geraak het, sodat hul nie meer die seggenskap gehad het, wat hulle toegekom het nie. Aan Prof. Engelbrecht is dit te danke dat dit vandag anders geword het. Deur sy gedenkboeke en sy artikels in die Almanak het hy weer die groot betekenis van hierdie families en hul tradisies laat sien. Watter betekenis dit vir die volk gaan hê, sal eers baie later besef word.

In sy hoedanigheid as professor, was hy ook altyd iemand van wie inspirasie uitgegaan het. Hy loop altyd oor van geesdrif en wek dan ook by sy studente belangstelling en geesdrif vir die Kerk op. Niemand kan met hom in aanraking kom sonder om onder die indruk te kom van die feit dat hy net een groot liefde ken en dit is sy liefde vir die Ned. Herv. Kerk.

Sy vriende dank God dat Hy hom 25 jaar van geseende arbeid vergun het, en dit is hul bede dat Hy hom nog soveel jaar en meer sal spaar vir Kerk en volk.

A. OOSTHUIZEN